Amptelike
Maandblad
van die
Kaapse Provinsiale
Biblioteekdiens

Official
Monthly Journal
of the
Cape Provincial
Library Service

Die Kaapse Bibliotekaris
The Cape Librarian

Kaapse Provinsiale
Administrasie
Afdeling
Biblioteekdienste

Cape Provincial
Administration
Division of
Library Service

OKTOBER/OCTOBER 1959

THE CAPE LIBRARIAN

DIE KAAPSE BIBLIOTEKARIS

October 1959
Oktober 1959

CONTENTS
INHOUD

EDITORIAL/REDAKSIONEEL 3

ARTICLES/ARTIKELS

Die ontwikkeling van Afrikaans tot Moderne Kultuurtaal 4
Prof. Dr. W.J. du P. Erlank
The Duties of a Committee Member Th. Friis 10
Waarde van biblioteek vir kleurlinge S.J. Williams 13
Gee ons .... C.S. Kotze 15

PICTURE OF THE MONTH/SKILDERY VAN DIE MAAND

Peasant Wedding/Boerebruilof

FEATURES/RUBRIEKE

News from the regions 17
Book reviews/Boekbesprekings 19
Juvenile literature/Jeuglektuur 21

FILM CATALOGUE/FILMKATALOGUS 25

ACCESSIONS LIST)
AANWINSLYS) September 1959

REDAKSIONEEL

Dit is met n heel besonderse trots dat die Kaapse Bibliotekaris hierdie maand vir die eerste keer werklik sy skoene kan volstaan as blad met n positiewe bydrae. U sal merk dat daar begin word met n reeks artikels deur bekende persone - die eerste waarvan hierdie maand uit die pen van Dr. W. du P. Erlank verskyn. *Die Ontwikkeling van Afrikaans tot Moderne Kultuurtaal is n referaat wat deur Prof. Erlank gelewer is ten tye van die Wêreldtentoonstelling in Brussel. Daarna het dit nog nie weer in enige Afrikaanse blad verskyn nie, en die Kaapse Bibliotekaris is met reg trots om dit aan sy lesers te kan aanbied.*

Prof. Erlank is Professor in die Nederlandse Letterkunde aan die Universiteit van Stellenbosch. As skrywer en dramaturg het hy sy naam in die Afrikaanse Letterkunde gevestig. Ons dink hier aan die drama, So praat die Ou Rivier, wat alreeds deur N.T.O. opgevoer is, asook aan sy bundel kortverhale wat nou kort gelede verskyn het: Skaduwees teen die muur.

Eintlik is daar egter een werk waarvoor Professor Erlank onthou sal word, lank nadat hy nie meer op tipiese Professorale manier sy afsprake met sy studente vergeet nie, en dit is Jaffie - met reg bestempel as n juweeltjie in die Dietse Letterkunde. Wie dit nog nie gelees het nie - ek het self nog maar selde in die Afrikaanse prosa iets teëgekom wat daarmee vergelyk kan word.

Verdere artikels - en veral een waarin die boere belang sal stel - volg nou deur mnr. W.A. de Klerk, bekende skrywer.

Wat ons bibliotekarisse daarvan dink, sal ons met die grootste graagte wil hoor. Dit is in der waarheid n sprong in die donker. Ons hoop ons haal die anderkantste wal van u belangstelling.

DIE REDAKTEUR.

DIE ONTWIKKELING VAN AFRIKAANS TOT MODERNE KULTUURTAAL

* Prof. Dr. W.J. du P. Erlank (Stellenbosch)

Dit is vir my n besondere voorreg om as verteenwoordiger van die jongste Groot-Nederlandse kultuurgroep u te mag toespreek by hierdie Kongres. As dit n suiwer filologiese kongres was, sou ek as letterkundige natuurlik die vererende uitnodiging van die hand moes gewys het. Maar die kongres het blykens sy program ook n ander, meer praktiese doel, drieledig soos dit my voorkom:

In die eerste plek verkenning van die gebied waar die Groot-Nederlandse - ek gebruik deurgaans die woord Groot-Nederlandse om Hollands, Vlaams, Afrikaans as taal- en kultuurbegrippe te omvat - verkenning dan van die gebied waar die Groot-Nederlandse woord nog kan klink en weerklank vind; in die tweede plek, wederkerige hulp by die uitbou en handhawing van ons Groot-Nederlandse taal binne daardie geografiese gebiede. Of dit nou geld die verdere ontwikkeling van Afrikaans in Suidelik Afrika, of van Vlaams in België, of van Hollands in Noord-Nederland, dis n saak waarteenoor geen Hollander of Vlaming of Afrikaner onverskillig kan staan nie. In die derde plek beoog die kongres, sonder om een van die verwante tale geweld aan te doen, die soek na n grootste gemene deler of n al hoe groter wordende gemene deler van gemeenskaplikheid tussen die betrokke tale. Binne die grense van hierdie doelstelling wil ons dan vandag met u praat oor die Afrikaanse taal, nie as wetenskaplike gegewenheid nie, maar die Afrikaanse taal in kultuurhistoriese verband. So n benaderingswyse skakel al dadelik uit alle taaltegniese en taal-teoretiese beskouings oor die ontstaan van Afrikaans, waarvoor ons u liewers verwys na die werk van taalkundiges soos Prof. S.P.E. Boshoff („Die Volk en taal van Suid-Afrika"), Prof. D.B. Bosman („Oor die ontstaan van Afrikaans"), Prof. G.G. Kloeke („Herkomst en groei van het Afrikaans"), Prof. S.A. Louw („Dialekvermenging en Taalontwikkeling"), Prof. G. du P. Scholtz („Die Afrikaner in sy Taal"), e.a. taalkundiges. Dit skakel ook uit beskouings oor die morfologiese, sintaktiese, semantiese, fonetiese ens. ontwikkeling van Afrikaans, dinge wat bowedien ver buite my vakgebied val.

Ons wil dan met u praat oor die Afrikaanse taal in sy verhouding tot die ontwikkelende Afrikaanse volk en kultuur, waarvan dit die uitgedrukte spraakbeeld is. Maar ons wil dit telkens probeer sien in sy Groot-Nederlandse samehang. Die byna noodlottige samehang van al hierdie dinge kan ons miskien vir u so stel:

Indien die Afrikaanse volk as kultuurgroep om welke rede ook al sou verdwyn, sou daarmee ook die Afrikaanse taal verdwyn, en sou afgesien van Belgies Kongo, daarmee die laaste Groot-Nederlandse woord verklink op die vaste-

* *Prof. Dr. W.J. du P. Erlank is Hoogleraar in die Nederlands te Stellenbosch.*

land van Afrika, soos die knak van n dor tak wat in n groot oerwoud skielik weer tot stilte word. Dit sou vir die Groot-Nederlandse taal beteken n geweldige verlies aan gebiedsruimte, die verlies ook van n bevolkingspotensiaal minstens net so groot as die van Noord en Suid Nederland saam. Volgens syfers wat Prof. Samuel Pauw, vroeër professor in die sosiologie en maatskaplike werk aan die Universiteit van Stellenbosch, aan my verstrek het, was daar in die jaar 1700 een duisend Afrikaans sprekende blankes in Suid-Afrika; in die jaar 1800 was dit 20,000; in die jaar 1900 was dit 550,000; en vandag is dit 1,700,999. Wanneer ons praat oor n bevolkingspotensiaal, minstens so groot soos die van Noord en Suid Nederland saam, dink ons natuurlik aan die verhoogde draagkrag van n vinnig industrialiserende land, en dink ons aan bevolkingsvermeerdering deur natuurlike aanwas en deur immigrasie uit kultuur-verwant lande van Europa. Miskien droom die Afrikaner hier groter as sy berekende daadkrag.

Die Nederlander se daad was in Suidelike Afrika nog altyd groter as sy droom. Die Nederlands-Oos-Indiese Kompanjie het in 1652 n verversingpos aan die Kaap gestig om die handelsverkeer met die Ooste te vergemaklik; maar hulle het onwetend n nasie gestig. Ses jaar na hulle vestiging aan die Kaap sê die eerste vryburgers reeds aan Kommandeur Jan van Riebeek: „Wij geen Compagnies slaven willen wezen", „wij de verdedigers van ons land zijn". Hulle praat reeds van „ons land". En vyftig jaar later, gedurende die verset van die vrijburgers teen Goewerneur Willem Adriaan v.d. Stel, duik vir die eerste maal die woord „Africaander" op as aanduiding van n nasiegroep wat besig is om te ontstaan. *Dit is die jong Hugenote-afstammeling, Hendrik Bibault, wat in die ou Stellenbosse meul uitroep: „Ik wil niet loopen, 'k ben een Africaander, al slaat den landdrost mijn dood, of al setten hij mijn in den tronk, ik sal nog wil niet swijgen".* Dat die jong seun Bibault, toe hij hierdie historiese woorde gebesig het, bietjie dronk was van ongegiste Afrikaanse wyn, is hier nie ter sake nie. Die Afrikaanse nasionalisme het sedertdien in die stikvate van die geskiedenis baie meer beleë geraak, en die draers van daardie nasionalisme het n aanmerklike versobering ondergaan. Wat wel ter sake is, is die spontane „in vino veritas" - gebruik van die woord „Africaander" as aanduiding van n nie-Hollandse, nie-Franse volkseenheid wat besig is om te ontwikkel. In een van ons versdrama, nl. „Vergelegen" deur Dirk Opperman, word hierdie vroegste stuwinge van n nasiegedagte dramaties uitgebeeld.

Dit sou egter wetenskaplik onverantwoordelik wees om in hierdie vroeë stadium, d.w.s. ongeveer 50 jaar na die volksplanting, reeds te praat van n Afrikaanse volk. Maar ongeveer honderd jaar later, d.w.s. toe die Engelse die Kaap vir goed oorgeneem het van Holland in 1806, was die grondpatroon van die Afrikaanse nasieskap en die Afrikaanse kultuurlewe reeds gevorm. Dit sou ons te ver wegneem van ons hoofonderwerp om bewyse vir hierdie stelling aan te voer; ons gaan u dus vra om dit as feit te aanvaar: gedurende die eerste 150 jaar, d.w.s. van 1652 tot die Engelse bewindsoorname in 1806,

eerste tydperk met sy etsnaald deur die dun bedekkende waslaag die grondtrekke van n volkspersoonlikheid geteken het. En gedurende die volgende 150 jaar het hy die brandsuur van n smartlike geskiedenis daaroor gegiet om die omtreklyne dieper in te brand op die koperplaat van ons volkswerklikheid. Maar die grondpatroon self bly sonder noemenswaardige wysiging gehandhaaf tot vandag toe.

Ons staan hier voor n enigsins merkwaardige feit van die geskiedenis. Volgens historici soos Theal en Colenbrander („De Afkomst der Boeren", Uitgawe A.N.V., 1902) sou die bevolkingsgroep aan die Kaap in 1806 ongeveer 50 2/5 % Nederlandse, 27 % Duitse, 17 1/2 % Franse en 5 1/2 % bloed van ander nasionaliteite bevat het. Maar hierdie bont mengelmoes van mense, geneem uit n groot verskeidenheid van beroepe, en reeds versprei oor n wye gebied, het op Afrikaanse bodem binne 150 jaar versmelt tot n eenheid met reeds die grondtrekke van n eie volkskarakter, eie kultuurvorme en n eie taal as spraakbeeld van dit alles.

Dit bring ons tot n tweede nog merkwaardiger feit, nl. die ontstaan van die Afrikaanse taal binne 150 jaar na die volksplanting. As ons Prof. Kloeke se dialek-geografiese studie oor die „Herkomst en groei van het Afrikaans" reg gelees het, dan het Afrikaans sy besondere Kaapse „draai" gekry binne 50 jaar na die volksplanting, sodat die grootskaalse intog van Franse Hugenote in 1688 en Duitse koloniste in die 18e eeu geen noemenswaardige invloed kon uitoefen nie. In ieder geval kan ons op die gesag van taalgeleerdes soos Prof. Kloeke, Prof. D.B. Bosman, e.a. geredelik aanvaar dat die Afrikaanse taal, soos ons dit vandag ken, met sy aflegging van onnodige buigingsvorme, met sy besondere sinsbou, sy veranderde woordbetekenis, sy dubbele negatief - alles waardeur hy homself onderskei van die oorspronklike Nederlands - dat daardie Afrikaanse taal binne minder as 150 jaar reeds sy beslag gekry het. Die vroegste voorbeeld van doelbewus aangewende en deurlopende Afrikaans kry ons van n Groningse boer. Teenstra, wat in 1825 op sy heenreis na Nederlands-Indië n paar maande in Kaapland vertoef het. In sy boek „Vruchten mijner Werkzaamheden", Dl. 1, (genoem deur Dr. F.C.L. Bosman in sy Amsterdamse proefskryf: „Drama en Toneel in Suid-Afrika", Dl. 1, en deur Prof. G.L. Francken in n Huisgenoot-artikel van 1927) gee hy n gesprek weer in wat hy noem „de eenigermate verbasterde Hollands" van „Kapenaars en buitenlieden". As ons onthou dat hy die gesprek later op sy gehoor en op sy geheue af opgeteken het, dat hy dus waarskynlik n vernederlandste beeld van die taalwerklikheid gee, dan staan ons verbaas oor die suiwer Afrikaans wat reeds in die gesprek voorkom.

Wanneer die Engelse in 1806 die Kaap as koloniale besit oorneem, stuit hulle dus op die weerstand van n wordende Afrikaanse nasieskap en n wordende kultuurlewe, wat Nederlands lees in sy Bybel en stigtelike lektuur, maar wat Afrikaans leef en praat in die omgang. Agtereenvolgende Engelse goewerneurs het al die beïnvloedingsmiddels van staat en kerk in skool aangewend om die veroweringswerk deur vreedsame assimilasie te voltooi. En hulle het wel aanvanklik sukses gehad, sodat rondom 1870 in die Hollandse Kerke Engels meer

en meer die kanseltaal geword het. Maar dan kom in 1875 die kentering met wat gewoonlik genoem word die Eerste Afrikaanse Taalbeweging en die oprigting van ons eerste Afrikaanse koerantjie „Die Patriot". Die eienaardige, of miskien moet ons sê die begryplike van die geval was dit: Hoewel die Afrikaner, soos ons probeer aantoon het, vroeg reeds bewus was van sy eie nasionale en kulturele identiteit, en vroeg reeds n eie Afrikaanse spreektaal besit het, was sy taalbewustheit nog altyd Nederlands. Dit was twee Hollanders, Arnoldus Pannevis en sy jonger vriend, C.P. Hoogenhout, wat eerste die uitdrukkingsmoontlikhede van die Afrikaanse taal ingesien het. Maar toe „Die Patriot" opgerig is onder die werklik geniale leiding van n Afrikaner, Ds. S.J. du Toit, moes hulle nog gedurig voorhoede gevegte voer teen Engelse, Hollandse en Afrikaanse verguisers van die Afrikaanse taal. Die blad en die later opgerigte tydskrif, „Ons Klyntjie", was n geweldige sukses. Daar het n leeswoede en n skryfwoede met epidemiese krag losgebars oor die Afrikaanse platteland. Almal, van die skaapwagter in die veld tot die President van die Vrystaat, het snippermandjies vol Afrikaanse poësie geskryf. Letterkundig was dit nie van veel belang nie. Maar wat wel van belang was, is die geestelike aktiwiteit wat op elke terrein van ons volkslewe gewek is, en die vyfvingeroefeninge met die Afrikaanse taal as uitdrukkingsmiddel.

Tot hierdie beweging doodloop kort na die Anglo-Boereoorlog en die Tweede Afrikaanse Taalbeweging begin onder die leiding van Gustav Preller, Adv. J. H. de Waal e.a., het die ou verbitterde strydvraag: Hollands of Afrikaans, weer opgeduik. Selfs in 1914, nadat ons vier grootste digters van n ouer generasie - Jan Celliers, Totius, Leipoldt en Eugène Marais - van hulle belangrikste werk reeds gelewer het, moes Langenhoven nog voor n uitgelese groep Afrikaners van die Akademie n gloeiende pleidooi hou vir die erkenning van Afrikaans as voertaal op skool. Hierdie Nederlandse taalbewustheid en verset teen die gebruik van Afrikaans vir hoër geestelike uiting het waarskynlik by kleiner wordende maar invloedryke groepe voortgeduur tot die Nasionale regering van Gen. Hertzog in 1925 Afrikaans as amptelike taal van Suid-Afrika erken het en geld gestem het vir die Groot Afrikaanse Woordeboek. Maar die weerstand teen Afrikaans het waarskynlik eers heeltemal verdwyn met die verskyning van die Afrikaanse Bybel in 1933. Vandag is daar seker geen enkele Afrikaner wat enige twyfel het omtrent hierdie stelling: As die Afrikaner tussen 1875 en 1933 die stryd teen n magtige Anglo-Saksiese kultuur moes gevoer het, selfs met die vereenvoudigde Hollands wat deur die Taalbondmanne ingevoer is, sou hy dit onteenseglik verloor het. Mens kan geen kultuurstryd voer met n streektaal nie, maar mens kan dit nog minder voer met n boektaal, wat ses duisend myl van die gevegsfront af n lewende werklikheid is.

As ons nou n vereenvoudigde deursneebeeld van die gebeurtenisryke tydperk 1875 tot 1933 moes gee, sou ons dit moet sien as n tydperk van toenemende volksbewustheid en kultuurbewustheid, wat bevorder is deur die Vryheidsoorloë van 1881 en 1899, en die Rebellie van 1914, en wat sy voorlopige hoogte-

punt bereik het met die bewindsaanvaarding van die Nasionale regering in 1924. Letterkundig sou ons dit moet sien as n tydperk van toenemende erns en verdieping, wat sy voorlopige hoogtepunt bereik het met die werk van ons vier ouer digters. Poësie was nie meer, soos in die Patriotstyd, n vryetydsvermaak, n behaaglike spel met die uitdrukkingsmoontlikhede van die Afrikaanse woord nie. Dit het geword n worsteling om die diepste waarhede van ons bedriegde volkslewe en persoonlike lewe te verduursaam in die woord Taalkundig sou ons dit kan sien as n tydperk van verbredende Afrikaanse taalbewustheid, wat stadigaan die hele volk in al sy openbare werksaamhede omvat het.

Maar tussen amptelike erkenning van n taal en uitvoering van die amptelike beleid lê daar altyd n lang geskiedenis van verbeterde stryd. Dit verklaar die ontstaan van strydorganisasies soos die voormalige Handhawersbond, wat hom beywer het om die Afrikaanse taal in te dra in die maatskaplike lewe, in die sakelewe, en in die interdepartementele werksaamhede van die staat. Maar ons kan tog sê dat ons ongeveer 1933 aan die eind van een taal- en kultuurperiode staan. Daarmee begin egter n derde taal- en kultuurperiode wat moontlik later beskou sal word as die ingrypendste van ons geskiedenis. Hoewel dit reeds vroeër begin, kry dit veral ná 1933 sy katastrofale versnelling. Hierdie nuwe periode hang saam met die aanmerklik versnelde industrialisasie van Suid-Afrika, die gevolglike verstedeliking van die Afrikaner, en sy toetreding tot die handel en die nywerheid. Binne iets meer as 25 jaar het die Afrikaanse volk van n oorwegend plattelands boerende bevolking tot n oorwegend stedelike of half-stedelike bevolking geword, wat betrokke is by die sakelewe, die amptenaarslewe, die nywerheidslewe ens. Die volgende tabel, wat saamgestel is uit sensusverslae, gee u n idee van die omvang van die verskuiwing wat plaatsgevind het.

Sensusjaar	*Landelik* %	*Stedelik* %
1921	44.2	55.8
1926	41.8	58.2
1931	38.7	61.3
1936	34.8	65.2
1946	27.5	72.5
1951	21.6	78.4

Uit die beskikbare gegewens kan nog verder die volgende stelling gemaak word: Die getal Afrikaners in die stede het nie alleen, in ooreenstemming met die algemene groei van stede, toegeneem nie, maar ook soveel vinniger dat hulle verhouding tot die blanke stadsbevolking in al die stede aansienlik gegroei het. Dit is duidelik dat die getal Afrikaners in stede vanaf 1904 tot 1936 meer as vervyfvoudig het, terwyl die getal blanke nie Afrikaners skaars verdubbel het. Soos uit bostaande tabel blyk, woon nog maar 21.6% van ons totale Afrikaanssprekende bevolking op die platteland. Hierdie groot verandering in ons maatskaplike struktuur het homself met revolusionêre snelheid voltrek, en dit sal met die verdere ontwikkeling van ons

goud- en uraanbedryf, met die verdere ontginning van ons onedele metale onvoorspelbare afmetings aanneem. Dit is die onontkombare noodsaak wat elke ernstig denkende Afrikaner weet en vrees. Laat my met n eenvoudige vergelyking duidelik maak waarom ons dit weet en wil, maar tewens vrees. Wanneer n mens na 20 jaar in Holland en België terugkeer, soos ek, dan merk jy, miskien as oorblyfsel uit n gelukkige bevrydingstyd, n oppervlakkige toevoegsel van Juke Box-kultuur. Maar jy weet byvoorbaat daardie Amerikaanse stert sal, hoe gesellig hy ook al kwispel, nooit die swaar Hollands-Vlaamse hond kan swaai nie. U sit in die Nederlande met n langsaam oor duisend jaar opgehoopte voorraad Nederlandse kultuur in die wydste sin van die woord. Binne so n rykdom van bestendigende kultuurbesit, binne so n swaar assimileringsmassa kan u byna enige politieke, kommersiële of kulturele wisseling van die toekoms evolusionêr verwerk.

Maar ons sit in Suid-Afrika met n oormaat van industriële potensiaal, wat deur buitelandse en binnelandse omstandighede in toenemende tempo aktief geword het, teenoor n ondermaat van bestandigende kultuurbesit. Toe ek by geleentheid van n privaat gesprek aan die Engelse digter en Nobelpryswinnaar, T.S. Eliot, vra of sekere tendense in die modernste Engelse poësie nie gevaarlik is nie, het hy geantwoord: „Yes, but a nation which has its Shakespeare, will always return to the highway of its tradition". Dieselfde geld vir die Hollands-Vlaamse kultuur: n nasie wat sy Vondel, sy Guido Gezelle, sy Rembrandt, sy Rubens, het, sal selfs in die krasste Umwertung aller Werte altyd weer sy plek in n Wes-Europese kultuurverband vind.

Maar stel daarteenoor die vraag: Wat het die Afrikaner in terme van taalbesit en kultuurbesit met hom meegevoer, toe hy van die platteland verhuis het na die stad? *(Word vervolg)*

THE DUTIES OF A COMMITTEE MEMBER

Part IV
Th. Friis

8. Make yourself familiar with the function of your library:

Are you, as a committee member, acquainted with the function of your library? Our real objective, namely education of the people, is shamefully neglected and we miss the target altogether. The greatest problem in our South African public libraries is the disturbingly high percentage of light literature that is borrowed by readers. A figure of 90% for light reading in a monthly report is nothing unusual. Are you aware that in America and most other Western lands the figure is 50% of the total circulation? This fact must be faced squarely - it is the greatest blot on the free library system and may yet be the fly in the ointment which will nullify all our efforts. People must learn to think - it is fatal to use so much of public monies for intellectual lazing - where is our sense of values? You as a committee member must stem the tide. Give your assistance in exhibitions in your library; obtain selection lists on specific subjects; arrange film shows and ensure that the relative books are available; arrange discussion groups; assist in literary research; give talks on books you have read; arrange play-reading groups, musical evenings; place books which you wish to be read in a prominent place in your library. The library service desires to purchase less light reading, but encounters considerable opposition from library committees. The books on your racks are there because of your committee's approval - are you satisfied with the selection? Press your librarian for a copy of the South African Library Association's booklet "Standards for Public Libraries" in which a good description of the role of your library is given.

9. Have discussions with your regional librarian:

Few public libraries away from the cities have experienced, trained library personnel. The Library Service places its regional personnel at your disposal. Make full use of this expert knowledge. Discuss your duties, ask for advice and support, if your library committee has a project for which it lacks the means. Does your library need material for an exhibition, books, gramophone records, art prints - anything? Ask the regional librarian - possibly he can help.

10. Above all, support your own librarian:

She counts on your support. She also is human and apt to err, sometimes discouraged when committee members oppose her too much. Examine her problems in a spirit of goodwill - encourage and support her especially in her dealings with the Town Council for the benefit of the library.

11. Keep strictly to recognised ethical relations with your library:

As a committee member you will not be expected to ask your librarian for facilities denied to ordinary members.

12. Study the library ordinance and regulations:

Each committee member must acquaint himself thoroughly with the opportunities open to his library and the methods of exploiting them. Take care that you follow the right procedure, if you notice that the regulations are not being observed, by first raising the matter in committee for full discussion and decision.

13. Study Library Standards:

Ascertain the standards required by the Cape Provincial Library Service and assist your librarian and Town Clerk to comply with them. The required standards are only minimal and you should aim higher. To what extent does your own library measure up to these standards?

14. Understand your own library and its requirements:

Get to know the facilities of your library. Have you all the reference books you require? Are you satisfied with the service rendered by your librarian? Do you know the needs of the people using the library? How many of them are professional men, factory workers, clerks, or farmers? Possibly you need a branch to bring the library nearer to the readers.

15. Take an active part in cultural activities:

Your library can be the heart of your town's cultural activities. Invite various associations and bodies to use your lecture room, especially potential members of the library. Assist in the formation of a film society, music society, discussion groups, play reading society, etc. The library can be a rich source of inspiration and a stimulus to all your cultural activities.

It is evident that an important and serious obligation rests on you as a committee member. Recently someone remarked that the library service is the greatest cultural factor of the 20th century. This statement is not an exaggeration - it can be so, if you as a committee member give effect to it. It has tremendous potentialities. Do you realise that our success largely depends on just YOU? The Provincial Administration and the Town Council can only furnish you with the machinery - the final planning and bringing together of the right man and the right book is your task.

Someone else, an M.P.C., recently said that the Library Service will bankrupt the State. A good friend of mine immediately countered this statement strongly by remarking, "No, on the contrary, the Library Service is saving the people from bankruptcy!" "In what way?" asked the M.P.C. "The Library

Service saves our people from spiritual bankruptcy which surely is far more serious than economic bankruptcy", was the answer of my friend.

In the Cape Province £17 million is spent yearly on the education of our youth - what have we achieved if the child has not yet learned to read with the object of enriching his later life? Must his intellectual progress stop when he leaves school? Surely not. Committee member, you have the high task of furthering the spiritual development of our people. The expenditure of £17 million annually must be complemented by our libraries which carry on the work begun by our schools. This high task rests on you.

* * *

NEW LIBRARY BLOCK (£759,000) FOR CITY

The Executive Committee has approved plans for a £759,000 provincial library block to be built on a site bounded by Alfred, Hospital, Prestwich and Chiappini Streets, Cape Town.

It will adjoin the provincial stores building.

The block will house the headquarters of the Provincial Library Department, the Regional Libraries for the Cape Town, Stellenbosch, Robertson and Malmesbury regions and a basement garage.

The building is designed for apartheid with separate entrances for Europeans and non-Europeans and separate store-rooms for books for European libraries and non-European libraries.

The basement will contain a workshop and parking for 103 cars. It will be used by other provincial departments as well.

The ground floor will provide parking and loading facilities for 12 mobile libraries.

The five-story building will also contain a cafeteria, a cinema, a photographic department for micro-filming books and newspapers, a reference library to serve the Western Province and a binding department.

Electronically controlled shelving will enable the library to store 1,113,000 books in the space normally required for 557,000 books.

Tenders are expected to be called for early next year.

(Cape Argus, 22 September 1959)

WAARDE VAN BIBLIOTEEK VIR KLEURLINGE

* S.J. Williams.

Dit is n onbetwisbare feit dat n groot persentasie van die Kleurlinge in Suid-Afrika nog totaal ongeletterd is. Hierdie status quo is aan etlike faktore te wyte, maar dit is nie my doel om op hierdie tydstip hieroor uit te wei nie. As gevolg van hierdie posisie kan dit besef word dat die deel van ons bevolking dan ook baie agterlik is. Tot enkele jare gelede is hierdie geleidelike agteruitgang in ons land geduld. Danksy die intreding van die onderwys en die biblioteekdienste is die posisie van verrotting die nek ingeslaan. Dit is oor die biblioteek en sy aangeleenthede en die waarde daarvan vir die Kleurling in besonder, waarvan ek graag wil uitwei.

ONTSTAAN

Ongeveer tien jaar gelede is n vry biblioteekdiens vir die Kleurlinge in die lewe geroep deur die Provinsiale Administrasie. By die owerhede het die gevoel ontstaan dat alle burgers in ons land toegang moes hê tot die leesstof wat beskikbaar gestel is. Dit moes n gratis skema wees juis met dié doel: *dat alle klasse die boeke kan lees sonder om onkoste aan te gaan.* Sedertdien het n hernuwing en wakkerheid by die Kleurling ontstaan wat geen perke ken nie. Die diens het voorwaar n bate vir die volk geword in soverre dit die lewensuitkyk van die Kleurlinge verbreed het. Waar hy vroeër eng en bekrompe was, sy kennis van die wêreld rondom hom beperk en dikwels verdraaid was, kon hy nou tot breër insigte kom. Met die koms van die biblioteek is leesstof oor bykans alle onderwerpe tot sy beskikking gestel. Waar hy voorheen ontvlugting in goedkoop ontspanningslektuur gesoek het, kan hy hom nou verlustig in die nuwe wêreld van vakliterêre werke, en so sy kennis aansienlik vermeerder.

Die grootste gros van ons mense is nie by magte om van die beste werke in letterkunde en waardevolle boeke van die beste skrywers uit eie verdienste aan te koop nie. Dit is hier waar die Provinsiale Biblioteekdienste ingryp om enige leser die voorreg te bied om die beste werke te bekom. Sonder hierdie kostelike voorreg sou ons volk se intellektuele vooruitgang skrynend gestrem gewees het. Alle biblioteke beskik oor groot versamelings naslaanwerke, boeke wat trouens meer waarde het as die gewone boek en dus nie uit die biblioteek verwyder mag word nie. Daarbenewens het Kaapland drie Sentrale Naslaan Biblioteke, t.w. Kaapstad, Port Elizabeth en Kimberley waarvandaan enige werk bestel kan word. Die Provinsiale Biblioteekdienste, in samewerking met die Staatsbiblioteek, Universiteits- en ander Openbare Biblioteke kan vir Kleurlinge naslaanwerke oor haas enige onderwerp voorsien. Veral die onderwysers wat maar gedurig inligting van een of ander skoolvak moet insamel, vind naslaanboeke van die biblioteek van onskatbare waarde. En hoewel Kleurling-studente aan die universiteite maar dun gesaai is, het hulle tog die voorreg om naslaanboeke in die biblioteek te raadpleeg, as hulle verder wil studeer in die tyd.

* *S.J. Williams is lid van die Biblioteekkomitee, Kleurling-depot, Kuilsrivier.*

STOKPERDJIES

Vir die jeug sowel as die volwassenes wat vrye tyd tot hul beskikking het, bied die biblioteek materiaal oor nuttige stokperdjies wat aangekweek kan word. Jongeres kan hulle byvoorbeeld met seëls, geldstukke, breiwerk, naaldwerk, houtwerk ens. besig hou as n nuttige tydverdryf. Vir die sportliefhebber beskik die biblioteek oor n groot verskeidenheid werke oor feitlik alle aspekte van sport.

Die biblioteek kan ook n belangrike invloed hê op die geestelike verryking van n volk. Die Kleurlinge moet n gesonde sin vir waardes aanleer, in die estetiek van ons Westerse beskawing waartoe hy behoort. Hy moet leer om goeie musiek, kuns, letterkunde en dies meer te kan waardeer. Juis hierin kan die biblioteek in sy behoeftes voorsien deur die verskaffing van boeke tydskrifte, rolprente, plate, uitstallings, lesings en baie ander onderwerpe.

Laastens kan gesê word dat, deur gebruik te maak van die biblioteek, die Kleurling sy lewensstandaard kan verhoog. Hierdie verhoogde peil bring sukses en voorspoed mee; dit bou n nasie van denkende burgers wat hul deel kan bydra tot die oplossing van die veelvuldige vraagstukke waarmee ons land te kampe het. Ons land besit n ontsaglike potensiële breinkrag wat net ontwikkel moet word. Die biblioteek is seker die doeltreffendste middel om gesonder denkvermoë in die Kleurling te laat ontdooi.

Weetgierigheid kyk reg
voor hom uit;
nuuskierigheid kyk skeel

(Rüchert)

GEE ONS.....

* C.S. Kotze.

„Waarom het julle sulke simpel boeke op die bus?" snou iemand my nou die dag toe. „Daar is dan niks op die bus waarvan die mense hou nie", merk n ander een verontwaardig op. En waarlik, ek moet erken, daar was min op die bus „waarvan die mense hou". Want die mense hou van die waarheid. Die soort waarheid wat in sommige koerante staan. Hulle hou nie van huigelaars nie. Huigelaars? Huigelaars, ja. Synde dié persone wat die jong mense se pret wil bederf. Nee, nee, nee, ons moet tog nie huigelaars wees nie. Nie pretbederwers nie. Nie „wet blankets" nie. Nie verkondigers van n gebonde lewe (ook bekend as n gedissiplineerde lewe) nie. Tog nie mense wat die mens se natuurlike drange wil onderdruk nie. Nee, ons wil vry wees. Daarom moet julle nie hier by ons kom foeter met boeke wat uit die ou doos is nie.

Wat traak dit ons wat Florence Nightingale aangevang het! Wie was Franklin Roosevelt en Beniamino Gigli miskien? Nee, nie Florence Nightingale en Helen Keller nie, maar Marilyn Monroe en Mae West. Nie Christian Herter en Winston Churchill nie, maar Elvis Presley en Tommy Steele.

Nie die gesuis van n sagte stilte vir ons nie, maar die geruis van die storm. Nie die bedaarde besprek nie, maar bloedstollende krete. Nie ploegskare nie maar swaarde. Nie perdekarre nie, maar strydwaens. En skote wat klap en kreune en gille. Gee ons moord sodat ons ons natuurlike sadistiese drange kan bevredig. Gee ons bloed sodat ons kan gru. En gee ons SEKS, SEKS, SEKS.

Want ons wil die LEWE sien. Ons wil die WAARHEID hoor. Ons wil nie konserwatief wees nie. Laat daar nie van ons gesê word ons is preuts en ouderwets nie. Ons wil nie gefrustreerd wees nie. Ons wil ons ware persoonlikheid na vore laat kom. Ons wil gil van genot.

DIE WYN, DIE VROU EN DIE LIED

Gee ons boeke wat die „spirit" het. Gee ons brood en spele. Gee ons die wyn en die lied. En die vrou, die vrou, die vrou! Ons is nie geïnteresseerd in Amerika se projektiele nie. Gee ons sy nagklubs. Sy Empire State Gebou en sy Golden Gate Brug gaan ons nie aan nie. Gee ons sy boewewêreld. Ons wil nie sy Grand Canyon en Yellowstone National Park hê nie. Gee ons sy Hollywood!

Onuitgesproke krete is dit hierdie wat ek op elke toer hoor. En ook nie altyd so *ON*-uitgesproke nie. Krete wat jou soms laat wanhoop maar jou dan laat besef wat n groot taak voorlê. Krete waarvan ons moet kennis neem. Nie in n gees van veroordeling nie, maar met n drang om te help. Want dit is krete wat ontspring uit n kranke gees. En die krankheid is wyer versprei as wat ek graag sou wou erken.

Lekker om te veroordeel? Nee, nee, nee, ek is nie besig om te veroordeel nie, maar om te konstateer. n Geneesheer kan nie n kwaal genees deur dit te

* *Mnr. Kotze is streekbibliotekaris op Beaufort-Wes.*

ignoreer nie. Hy moet soms na die mes gryp en sny! Seer en diep. En genesing is nodig. Anders sal die Provinsiale Biblioteekdiens later weinig meer wees as n organisasie wat vir mense lekker storieboeke aanry, en streekbibliotekarisse weinig meer as karweiers en smouse.

n Donker prentjie? Te sinies? Ja, donker en sinies is dit inderdaad, maar tog nie n donkerte waarop geen lig volg nie. Nie n sinisme wat pessimisties stem nie. Want ek sien sirkulasiesyfers styg. Ek merk hoe spesiale aanvrae vermeerder, beide wat getal en gehalte betref. Nee, die bergpad is steil, maar nie onbegaanbaar nie. Kom ons klim!

* *

WAARMEE MOET ONS KLIM?

Bostaande vraag is een van die onbeantwoordes in die Afrikaanse boekewêreld en direk van toepassing op hierdie artikel. Laat ons dit onder die oë sien: daar bestaan in Afrikaans twee verskillende soorte boeke: in die eerste plek die „goeie boek" (waarmee ons volgens hierdie korrespondent moet klim, neem ek aan) en dan bestaan daar die „swak" boek - dié wat oor moord en doodslag, seks en wat dies meer onder die tafel deur genoem kan word, handel. Met ander woorde ons het aan die een kant die „skoon" boek, waaruit hierdie rooigeletterde onderwerpe soos voos plekke gesny is - ook met die oog op voorgeskrewe werk! - en ons het die boeke wat nie geskik is om voorgeskryf te word nie.

Skoonheid het met mooiheid niks te make nie. Altans nie in die letterkunde nie. Vir so lank as wat ons hierdie twee begrippe met mekaar verwar en die rooi onderwerpe as onderwerpe sonder skoonheid beskou, sal ons met hierdie probleem sit. Inderdaad, wat het ons in hierdie eeu met Florence Nightingale te doen - behalwe as ons spesifiek daarin belangstel? En daar is darem seker diegene wat daarin belangstel, of hoe? So kan ek al die ander werke wat die korrespondent aan die „goeie" kant plaas, noem. Per slot van rekening is die Empire State-gebou maar net bietjie hoër as die Ou Mutual in die Kaap en buitendien is dit n gebou! Daarby staan dit in Amerika - land van -stes. Natuurlik stel ons meer belang in sy boewewêreld en sy rolprentsterre! Meer nog - ons stel belang in die „beat generation" en die ander vorme van afwyking uit die smal en weliswaar kleigetrapte paadjie van die konvensie. En dat daar in Engels „goeie" boeke met hierdie temas bestaan, is nie te betwyfel nie.

Maar in Afrikaans? Ons het nog nie eens n heeltemal uitstaande roman oor die „goeie" onderwerp - die verindustrialisering van die landelike beskawing nie, wat nog van n „goeie" boek oor die rooi onderwerpe. Of glo u nie dat moord en seks ook „goed" kan wees nie. Ook skoonheid kan bevat nie? Lees dan maar Dostojefski, hoor.

Ek vra weer my vraag: waarmee moet ons klim?

A.H. de Vries.

NUUS *van die streke*

FISH HOEK:

The Library has now been housed in the new building for one year - a year of steady growth in all respects. People know where to come now for their reading, recreation and education.

Our once empty shelves are rapidly filling thanks to the generous monthly supply of books. It has been gratifying to note the increase in the number of non-fiction books read, both in the adult and the juvenile sections of the Library. We have dealt with many special requests and thanks to the backroom work of the Regional Library staff and Central Reference we have been able to satisfy the borrowers in most cases.

We have now commenced fortnightly film evenings in the Library Hall and these have been enthusiastically received by the members. It has been found, at this stage anyway, that a programme of general interest seems the most popular. It is good to see the number of young people who are attending these film evenings, and thus realising that the Library is something more than "just a place where you get books".

The Story Hours continue to prove very popular, the attendance now reaching the 90 mark. Among the books used are 'The Red Balloon', 'The Useful Dragon' and 'The Golden Land'. Films used in our Childrens' Hours include 'Andy and the Lion', 'The Moving Spirit' and 'One little Indian'. The Librarian was asked to speak at a local Women's Meeting on 'What can my child read?'. A most profitable evening was spent and it is evident that parents would like book lists to be available in the Library.

The exhibition of books and dolls entitled 'Foreign Friends' in our Children's Department was very successful and attracted visitors from far afield. The children were thrilled to see friends such as 'Pinnocio' and 'The Littlest Engine' on display in Dutch and German. The illustrations attracted many students and others interested in book production. We look forward to more of these travelling exhibitions.

Displays these past months have included 'Antartica', 'Italy', 'Harvest of the Sea', 'Homecrafts' and 'The Animal Kingdom'. We have

obtained some very colourful display material from a variety of sources, (commercial firms, consulates, etc.) including some excellent maps, which all help towards creating an attractive display.

We are now making plans for our seasonal exhibitions and Christmas displays, in readiness for the influx of visitors from all parts who come to our town in the summer months.

ROBERTSON:

Dinsdagaand 8 September is die nuwe Biblioteek op Rawsonville amptelik geopen tydens n openingsfunksie in die plaaslike kerksaal.

Sprekers by die geleentheid was ds. du Toit, mnr. Laubscher, voorsitter van die Biblioteekkomitee; majoor Stofberg, voorsitter van die Dorpsbestuurraad en mnr. Naude, afdelingsraadslid van Worcester.

As ere-spreker het die Direkteur van Biblioteekdienste, mnr. Th. Friis, opgetree. Mnr. Friis het veral klem gelê op die groot rol wat die Biblioteek moet speel om die vervlakking teen te werk wat die pers, rolprente, radio en ander media van massa-kommunikasie ten gevolge het.

Daar is twee films vertoon - Boeke vir Almal, en n Staptoer deur die Yukon. Ten slotte is n bedankingsrede gevoer deur mnr. Botha, onder voorsitter van die Biblioteekkomitee.

BOOK REVIEWS/BOEKBESPREKINGS

FICTION:

BELLOW, Saul *Henderson the rain king.*
Weidenfeld and Nicholson, 1959.

An unusual story of a rich, middle-aged American, searching for a new way of life, who is adopted as a king by an African tribe, while he is on safari. Bellow is an entertaining and thoughtful writer, and although this novel is unusual and even baffling in parts, it has been well received by critics, and will be enjoyed by all imaginative readers.

CESPEDES, Alba de *Between then and now.*
Cape, 1959.

A thoughtful study of an Italian woman journalist, caught up in daily problems, and reminiscing about the past. The novel is intelligent, well-written and unusually perceptive and although it is mainly a psychological study it is far from 'difficult'

DELMAN, David *The hard sell.*
Jarrolds, 1959.

A likeable young man is constantly troubled by the ambitions and complete unscrupulousness of his elder brother - a man without a conscience. After much heartache he finally breaks with the elder boy. A gripping story with stock but vigorous characters, which can be recommended as entertaining reading.

LOUTH, Leopold *The lopsider.*
Gollancz, 1959.

Rather dry, literary, but successful humerous novel about the attempted faking of a Shakespeare manuscript. A limited number of readers will greatly enjoy this clever exercise in the skilled use of language, and its very contemporary satire.

POWELL, Richard *Pioneer, go home.*
Hodder and Stoughton, 1959.

Another humerous novel, in quite a different vein. A slow-thinking family run out of petrol in an area of reserved government land. They settle down, camp, fish and resist all official efforts to turn them out. In spite of their backwardness they score point after point against bureaucracy, and win in the end. Light-hearted, easy humour.

- J.A.

NON-FICTION:

LIN YUTANG *The secret name.*
Heinemann, 1959.

An interesting and arresting appraisal of the meaning of communism, and its development from Marxist socialism to the oppressing 'ism' it has become. Dr. Lin Yutang is in his quietist but most sarcastic mood as he hits out at communism.

Although it is not always easy reading, this author commands great respect and the book is to be recommended.

321.6420947 LIN
- M.v.D.

CHANDLER, Edgar *High tower of refuge.* Odhams, 1959.

A very human and moving account of the work done in the world by the churches and other voluntary agencies for refugees. The author gives due credit to official bodies such as the United Nations and its refugee fund programme, but he points out that without voluntary help these agencies could not handle this enormous modern problem. He gives the case-histories of many refugees with whom he and his helpers have come into contact, and this makes the book very readable. Dr. Chandler is the Director of the Refugee Service of the World Council of Churches.

361.53 CHA
- M.R.

COLLIS, John *Paths of light.* Cassell, 1959.

The book is divided into two parts. Part 1 deals with the intriguing question 'What is light?'. Here the author gives a well-written, lucid, almost popular account of the sun, nature of colours, fluorescence, reflections and illusions. Part 2 deals with 'Man and light', and includes an interesting section on sun-worship. Very well-written in a non-technical style.

535 COL
- S.S.

RITTLINGER, Herbert *Ethiopian adventure.* Odhams, 1959.

A gay travel book about the adventures of the author and his wife and two friends when they explore the Blue Nile from Lake Tana to the Sundanese border. The first chapter, en route to Ethiopia, deals with Saudi Arabia, and I shall not be surprised if it whets the appetite of many of our readers, as it did mine, for more about this incredible part of the world that might have come straight out of the Arabian Nights. The book makes very delightful reading.

916.3 RIT
- J.t.G.

MANDER, John *Berlin.* Barrie and Rockliffe, 1959.

Berlin, youngest and ugliest of the great European capitals, became within a comparatively short time one of the great centres of Western civilization. The historical and geographical circumstances leading up to this phenomenon and the results in our days are summed up admirably in this book which becomes a mirror in which the whole history of Germany since the Middle Ages is reflected. The book contains a great many accurate facts and astute observations - it is a delight for the reader who knows Berlin, and should be a help to others who read of the Berlin question in their newspapers.

943.155 MAN
- H.L.O.

PICTURE OF THE MONTH
SKILDERY VAN DIE MAAND

THE PEASANT WEDDING
DIE BOEREBRUILOF

PETER BREUGHEL THE ELDER
PIETER BREUGHEL DIE OUERE

PIETER BREUGHEL THE ELDER (ca 1530-1569)

This great Flemish artist is recognised today as one of the most original of painters for the power he has woven into his paintings and the many sideness of his subjects.

